

GROETE VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCHAAN DIE H.E. SINODE VAN DIE N.G. KERK IN SUID-AFRIKA,KAAPSTAD, 30 OKTOBER 1957.(Deur Prof. H.B. Thom, Rektor,
Universiteit van Stellenbosch)

Van harte verwelkom ek die geleentheid om vandag hier die groete en goeie wense van die Universiteit van Stellenbosch aan die H.E. Sinode van die N.G. Kerk in Suid-Afrika oor te bring.

Daar is baie goeie redes waarom ek hierdie geleentheid graag te baat neem.

Ons weet dat die Sinode die werk van die Universiteit van Stellenbosch met groot belangstelling gadeslaan. Stellenbosch is die oudste Afrikaanse Universiteit. Van 'n klein kollege vir hoër opvoeding hier in Kaapland, het Stellenbosch tot een van die grootste universiteite in ons land gegroei, 'n universiteit waarvan die invloed vandag ver buite die grense van Kaapland uits trek. Dit spreek vanself dat die Sinode, met sy diepe belangstelling in die intellektuele en geestelike ontwikkeling in die algemeen en die opvoeding in die besonder, nie koud kan staan nie teenoor 'n inrigting waar nou alreeds jarelang hierdie werk onder 'n groot deel van ons Suid-Afrikaanse jeug gedoen word.

Ek verskyn hier as die verteenwoordiger van 3,400 jongmense, almal op die drumpel van die lewe; almal besig om hulle vir die taak van die lewe toe te rus; baie van hulle geroepe om in die toekoms leiding te neem en sware verantwoordelikheid te dra. Van hierdie 3,400 is sowat 2,400 uit Kaapland afkomstig, en ongeveer 1,000 uit ander Provinsies en gebiede buite die Uniegrens. Op 'n betreklike geringe

persentasie van uitsonderings na, kom hierdie duisende jongmense uit Afrikanerhuise, huise waarop die gemeentes van ons Kerk opgebou is. Trouens, onder hierdie groot getal jongmense tel ons ook kinders van 'n hele aantal van die aanwesiges wat vandag in hierdie vergadering byeen is.

Ek vestig ook aandag daarop dat die meerderheid van die leraars wat hier aanwesig is, stellig oud-studente van die Universiteit van Stellenbosch is. Verre sy dit van Stellenbosch om hieroor vir homself eer of aansien te wil toeëien. Maar met nederigheid dank ons die Here dat Hy vir Stellenbosch gebruik het, en nog gebruik, om in die lewes van so baie van ons predikante 'n vormende invloed uit te oefen.

Die Universiteit het ook by herhaling reeds sy intense belangstelling en hoë waardering getoon in verband met belangrike werk wat deur verskeie leidende Kerkmanne gedoen is. Ek dink hier insonderheid aan die toekenning van ere-doktorsgrade, d.i. die hoogste onderskeiding wat 'n Universiteit kan gee, aan manne van ons Kerk wat hulle lewens gewy het aan bv. die versorging van ons armes, die bevordering van die Sending, en die vertaling en die verspreiding van die Heilige Skrif.

Dit is vir my 'n besondere voorreg om hier by name te verwys na een van die jongste besluite van die Universiteit in hierdie verband, nl. dat by die Gradedagplegtigheid op 11 Desember vanjaar, vir sy groot werk ter bevordering van die Sending en ter verbetering van rasverhoudinge in ons land, 'n eredoktorsgraad verleen sal word aan een van ons bekendste, toegewydste, waardigste sendingleiers, nl. eerwaarde senator J.M. Breedt.

Uit dit alles blyk duidelik welke noue voeling daar tussen ons Kerk en die Universiteit van Stellenbosch bestaan. Immers, ons kan selfs van 'n hoë mate van lotsverbondenheid tussen Kerk en Universiteit praat. Want belangrike verwikkelinge wat

daar by die één voorkom, sal, regstreeks of onregstreeks, 'n uitwerking op die ander hê.

Ons bring aan die H.E. Sinode ons hartlike groete oor. Ons doen dit namens die Raad en die Senaat van die Universiteit. Ons doen dit namens ons Kanselier, Sy Hooged. dr. D.F. Malan; en namens ons Visekanselier, ds. J.S. Gericke, wat self ook lid van hierdie vergadering is. Ons doen dit ook namens ons studente, sommige van wie later nog self hier in Sinodale vergaderings hulle plekke sal inneem.

Ons bid u die ryke seën van die Here op u arbeid toe. Mag u beraadslaginge en u besluite deur Hom op heerlike wyse bekroon word.

